



Die volgende riglyne geld vir die Naskoolsentrum (Tagesheim):

1. Slegs ingeskrewe leerders van die Deutsche Schule Kroondal (skool en Spatzennest) mag na skoolure by die naskoolsentrum bly, totdat ouers hulle na werk of ander verpligtinge kan kom haal.
2. Toesigure by die naskool is van 13:00– 17:00. 'n Addisionele dagfooi sal gehêf word indien ouers nie betyds die kinders kom haal nie.
3. Alle kinders wat die naskool besoek, moet deur die ouer of voog by die persoon in beheer van die naskool aangemeld word.
Tans is die persoon Mev Michelle Smit. Tel : 0842540566 en Mev. Ilse Lundie Tel: 082 403 4877
4. Kinders kan op drie maniere aangemeld word :
 - a) Van dag tot dag soos nodig – dit beteken die ouer skakel vir Michelle 'n dag **voor** die tyd en meld die kind aan .
 - b) Op 'n gereelde basis – die ouer vul 'n vorm in en dui aan op watter dae die kind by die naskoolsentrum moet bly.
 - c) In noodgevalle kan kinders nog tot 10:00 op die betrokke dag by Michelle aangemeld word.
5. Indien daar 'n **afwyking van die reëling** is, moet ouers asb. self Michelle **betyds** verwittig en nie net in die boek die aanmelding uitvee.
6. Alle kinders word van 'n middagete voorsien en ouers moet asb. nie eie kos saamstuur nie.
7. Die tarief behels die veilige toesig oor die kinders en sluit 'n gesonde middagete in.
Daar is verskillende opsies:

13:00 - 14:00	R40/dag
13:00 - 15:00	R40/dag
13:00 - 17:00	R70/dag

Of: R1124 per maand
8. Indien kinders aangemeld is en dan tog vroeër gehaal word, sal die kostes (R40) wel op die rekening verhaal word.
9. Indien kinders eers na 'n sportaktiwiteit naskool toe gaan, moet ouers Michelle verwittig, of dit in die dagboek skryf. Ouers moet asb. self die vervoer van hul kinders van en na sportaktiwiteite reël.
10. Spatzennest-kindere wat teen 13:00 nog nie gehaal is nie, sal deur Mev Ilse Lundie opgepas word, maar kinders wat teen 13:30 nog nie gehaal is nie val onder die toesig van die naskoolsentrum en daar sal dan die toepaslike tarief gehêf word.
11. Vir skoolgaande kinders word 'n geleentheid gebied om huiswerk te doen en die kleuters kry 'n geleentheid om te slaap. Michelle en Ilse probeer help met huiswerk waar hulle kan, maar die huiswerk bly die leerder en ouer se verantwoordelikheid. Veral op middae waar baie kinders by die naskool is, is dit nie moontlik om alle kinders te help nie. Kinders moet hulle boeke by hulle hê. Ouers moet asb. nie 'n lys van verpligtinge vir Michelle en Ilse stuur nie.
Moet asb. ook nie verwag dat alle huiswerk voor 15:00 afgehandel is nie. Waar hulp met huiswerk benodig word, moet kinders ten minste tot 16:00 bly.
12. Indien u noodgedwonge nie betyds kan wees om u kind te haal nie, verwittig asb. Michelle, die skoolkantoor (014 5363814) of Spatzennest (014 5363813). U kind sal dan in die naskoolsentrum versorg word. Hierdie reëling mag slegs die uitsondering wees en nie die reël word nie.
13. Ouers moet asb. self hul kinders by die naskool haal en nie 'n ander kind stuur om die jonger kinders te haal nie.
14. Geen medisyne sal by die naskool aan kinders toegedien word nie. Siek kinders moet by die huis versorg word.
15. Dit is baie belangrik dat u die skool, Michelle en Ilse onmiddellik in kennis stel van enige veranderinge in u kontakbesonderhede.

Ons waardeer u samewerking t.o.v die bogenoemde reëls en verwelkom enige positiewe voorstelle hoe ons die diens aan u en u kind kan verbeter.

P. Heyneke

Registrasie vir die Naskool 2018

Hiermee meld ek, _____ (Naam van ouer/voog)

my kind(ers) _____
vir die naskool aan.

Hy / sy sal

- elke dag (Maandag tot Vrydag)
vanaf _____ (tyd) tot _____ (tyd) die Naskool bywoon.
- gereeld op die volgende dae _____,
vanaf _____ (tyd) tot _____ (tyd) die Naskool bywoon.
- tydelik op die volgende dae _____,
vanaf _____ (tyd) tot _____ (tyd) die Naskool bywoon.

My kontaknommer is : _____(sel)
_____ (w)

Geteken : _____ datum : _____

Anmeldung für das Tagesheim 2018:

Hiermit melde ich _____ (Name)
mein(e)Kind(er)_____ für
das Tagesheim an:

- monatlich, ab _____ (Datum)
von _____ (Zeit) bis _____ (Zeit) das Tagesheim besuchen.
- an folgenden Tagen (regelmäßig) _____,
von _____ (Zeit) bis _____ (Zeit) das Tagesheim besuchen.
- an folgenden Tagen (vorläufig) _____,
von _____ (Zeit) bis _____ (Zeit) das Tagesheim besuchen.

Meine Telefonnummer ist : _____ (Handy)
_____ (Arbeit)

Unterschrift : _____ Datum : _____